**BERGRIVIER MUNISIPALITEIT / MUNICIPALITY**

**VISIE:**

**Bergrivier: 'n vooruitstrewende gemeenskap waar almal wil leef, werk, leer en speel op 'n menswaardige manier.**

**VISION:**

**Bergrivier: a prosperous community where all want to live, work, learn and play in a dignified manner.**

**KERN WAARDES / CORE VALUES**

**We are all part of Bergrivier Municipality.**
**We render good services to ensure dignified living to all.**
**We are unashamedly pro-poor.**
**We believe in close innovative partnerships.**
**We believe in social and economic development of our area.**
**We care about our work and our colleagues.**
**We are disciplined.**
**We believe in ethical behaviour.**
**We believe in good relationships.**
**We serve with pride.**

# 2021: JAAR VAN VOORTGESETTE VRUGTEVOLLE VENNOOTSKAPPE!

## NOTULE VAN DIE RAADSVERGADERING GEHOU OP DONDERDAG 09 DESEMBER 2021 OM 14:00 IN DIE RAADSAAL, MUNISIPALE KANTORE, PIKETBERG

**TEENWOORDIG:**

**LEDE VAN DIE VIERDE MUNISIPALE RAAD**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. R Swarts | [DA] | : | Speaker |
| Rdh. RM van Rooy | [DA] | : | Uitvoerende Burgemeester |
| Rdh. MA Wessels | [DA] | : | Uitvoerende Onderburgemeester |
| Rdh. A de Vries | [DA] | | |
| Rdl. A du Plooy | [DA] | | |
| Rdl. A Small (Me.) | [DA] | | |
| Rdl. JJ Moolman | [DA] | | |
| Rdl. SS Lesch (Me.) | [ANC] | | |
| Rdl. BU Maarman (Me.) | [ANC] | | |
| Rdl. IS Adams | [ANC] | | |
| Rdl. RL Laubscher | [PA] | | |

**AMPTENARE**

| | | |
|---|---|---|
| Adv. H Linde | : | Munisipale Bestuurder |
| Mev. N Bothma | : | Direkteur Finansiële Dienste *(waarnemend)* |
| Mnr. W Wagener | : | Direkteur Korporatiewe Dienste *(waarnemend)* |
| Mnr. N Rossouw | : | Direkteur Tegniese Dienste *(waarnemend)* |
| Mnr. D Josephus | : | Direkteur Gemeenskapsdienste |
| Mev. A van Sittert | : | Bestuurder: Strategiese Dienste |
| Mev. J Erasmus | : | Interne Ouditeur |
| Mev. JM Rosenberg | : | Senior Tikster |
| Mnr. J Damon | : | Intern: Finansiële Dienste |

***

**AKSIE**

**RVN001/12/2021**
**OPENING EN VERWELKOMING**

Die Speaker verwelkom almal by die vergadering, waarna Raadslid Du Plooy open met gebed.

'n Spesiale woord van verwelkoming word gerig aan die publiek wat die Raadsvergadering op die "YouTube" platform waarneem.

***

**RVN002/12/2021**
**AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID**
**3/3/1/4**

Raadslid J Daniels – afwesig met verskoning
Raadsheer EB Manuel – afwesig met verskoning
Direkteur Korporatiewe Dienste – vakansieverlof
Direkteur Finansiële Dienste – ander munisipale verpligtinge

***

**RVN003/12/2021**
**VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE SKEDULES 7 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE)**
**3/3/1/6**

Die Raadslede en amptenare verklaar individueel dat hulle geen persoonlike belange met betrekking tot die items op die agenda het nie.

***

**RVN004/12/2021**
**BEKRAGTIGING VAN DIE NOTULES VAN DIE VORIGE VERGADERINGS SOOS GEHOU OP DONDERDAG 11 NOVEMBER 2021 EN DINSDAG 16 NOVEMBER 2021**
**2021**
**3/3/2/2**
***(Die notules soos elektronies apart versprei word ter tafel gelê – Bylae A)***

Die Voorsitter hou die notules voor vir goedkeuring.

**BESLUIT**

Dat die notules van die vorige vergaderings soos gehou op Donderdag 11 November 2021 en Dinsdag 16 November 2021, bekragtig word.

***SENIOR TIKSTER (JM ROSENBERG)***

***

**RVN005/12/2021**
**IMPLEMENTERINGSVERSLAE VIR RAADSBESLUITE: TERUGVOERING VANAF MUNISIPALE BESTUURDER EN DIREKSIE RAKENDE DIE RAADSBESLUITE GENEEM TYDENS DIE VORIGE RAADSVERGADERINGS SOOS GEHOU OP DONDERDAG 11 NOVEMBER 2021 EN DINSDAG 16 NOVEMBER 2021**
**3/3/2/2**
***(Die verslae soos elektronies apart versprei word ter tafel gelê – Bylae B)***

Die Munisipale Bestuurder lei die item kortliks in.

**BESLUIT**

Dat die Raad kennis neem van die Implementeringsverslae van die Raadsvergaderings, soos gehou op Donderdag 11 November 2021 en Dinsdag 16 November 2021.

***SENIOR TIKSTER (JM ROSENBERG)***

***

**RVN006/12/2021**
**<u>SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE</u>**
**3/3/2/2**

Geen

***

**RVN007/12/2021**
**<u>VERKLARINGS / MEDEDELINGS DEUR DIE SPEAKER, UITVOERENDE BURGEMEESTER EN MUNISIPALE BESTUURDER</u>**
**3/3/1/6**

<u>Die Munisipale Bestuurder doen die volgende mededeling:</u>

Sy bedank die Interne Ouditeur vir die toegewyde diens gelewer vir die afgelope 5 jaar aan Bergrivier Munisipaliteit en wens haar sterkte en voorspoed toe.

<u>Die Speaker doen die volgende mededelings:</u>

<u>LIEF</u>

1. Dat Raadslid JJ Moolman op Donderdag 02 Desember 2021 verjaar het; en

2. Dat Raadsheer R Swarts op Sondag 30 Desember 2021 verjaar.

<u>LEED</u>

1. Dat die Bestuurder: Finansiële State en Beheer se vader oorlede is; en

2. Dat die Klerk: Komitee Dienste (Mev. A Beukes) aansterk by die huis.

Die Voorsitter versoek ‘n oomblik van stilte ter nagedagtenis aan die afgestorwene en wens die siekes ‘n spoedige herstel toe.

Hy wens ook verder vir die Interne Ouditeur alle voorspoed en sterkte toe met haar werksaamhede by die Weskus Distriksmunisipaliteit.

<u>Die Uitvoerende Burgemeester doen die volgende mededelings:</u>

Hy bedank die Interne Ouditeur vir haar goeie bydrae wat sy tot Bergrivier Munisipaliteit gemaak het.

Verder bedank hy alle Raadslede en amptenare vir hul goeie gewerk gelewer tydens 2021 en wens almal ‘n geseënde en voorspoedige Kersseisoen en Nuwejaar toe.

Die Uitvoerende Burgemeester oorhandig aan die Munisipale Bestuurder haar toekenning wat haar as ‘n Professionele Munisipale Bestuurder klassifiseer en bedank haar vir haar goeie diens en bydrae tot Bergrivier Munisipaliteit.

**KENNIS GENEEM**

***

**RVN008/12/2021**
**<u>ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS</u>**
**3/3/1/5**

Geen

***

**RVN009/12/2021**
**<u>MOSIES / VRAE</u>**
**3/3/1/1, 3/3/1/2**

Geen

***

**RVN010/12/2021**
**<u>EERSTE DRINGENDE SAKE VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER: REGSTELLING VAN RAADSBESLUIT RVN018/06/2021: OORWEGING VAN VOLLE EN FINALE SKIKKING TEN OPSIGTE VAN ERF 1259, 8 BOKBAAISTRAAT, PIKETBERG</u>**
**9/1/2**
***(Die verslag, soos elektronies apart versprei, word ter tafel gelê – Bylae C)***

Die Munisipale Bestuurder lei die item breedvoerig in.

**<u>Die onderstaande besluit word eenparig deur die Raad aanvaar</u>**

**<u>BESLUIT</u>**

***DIREKTEUR TEGNIESE DIENSTE (WAARNEMEND)***

Dat die Raad die aanbeveling deur die Uitvoerende Burgemeesterskomitee per besluit BKN018/08/2021 gedateer 30 Augustus 2021 oorweeg en as volg bekragtig naamlik:

Dat die Raad die versoek, met betrekking tot die oorweging van volle en finale skikking van addisionele heffing deur die oortreder, ten opsigte van Erf 1259, 08 Bokbaaistraat, Piketberg, **afkeur.**

***

**RVN011/12/2021**
**<u>TWEEDE DRINGENDE SAKE VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER: AANWYS VAN 'N NUWE EKSTERNE LID WAT KAN DIEN OP DIE "MUNICIPAL PUBLIC ACCOUNTS COMMITTEE (MPAC)" VAN BERGRIVIER MUNISIPALITEIT IN TERME VAN DIE PLAASLIKE REGERING: MUNISIPALE STRUKTURE WET, 1998 (WET 117 VAN 1998) SOOS GEWYSIG</u>**
**9/1/2**
***(Die verslag, soos elektronies apart versprei, word ter tafel gelê – Bylae D)***

Die Munisipale Bestuurder lei die item breedvoerig in.

**<u>Die onderstaande besluit word eenparig deur die Raad aanvaar</u>**

**<u>BESLUIT</u>**

***INTERNE OUDITEUR***

1. Dat die Raad kennis neem dat Mnr. Arnold Bredenhann werksaam is by Mubesko as 'n Senior Bestuurder;
2. Dat Bergrivier Munisipaliteit tans gebruik maak van Mubesko se dienste en dit veroorsaak 'n konflik van belange; en
3. Dat die Raad Mnr. J Botha verkies as eksterne lid van die MPAC.

***

**RVN012/12/2021**
**BEVESTIGING VAN BESLUIT VAN DIE WYSIGING AAN GOEDGEKEURDE PROSESPLAN VIR DIE 4DE GENERASIE GEïNTEGREERDE ONTWIKKELINGSPLAN**

Die Voorsitter stel die item vir bespreking.

**Die onderstaande besluit word eenparig deur die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

1. Dat die nuutverkose Raad die besluit van die vorige Raad in terme van die wysigings aan die Prosesplan van die 4de Generasie Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) vir Bergrivier bevestig (Aanhangsel A tot die verslag voorgelê); en

2. Dat die wysigings aan die Tydskedule van Sleutel-sperdatums vir die 2021/22 finansiële jaar soos aangeheg in Aanhangsel B, bevestig word.

***BESTUURDER: STRATEGIESE DIENSTE***

***

**RVN013/12/2021**
**VAKATURE (X1) OP DIE PRESTASIE EN OUDITKOMITEE**
**12/2/2/21**

Die Voorsitter stel die item vir bespreking.

**Die onderstaande besluit word eenparig deur die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

1. Dat die Raad kennis neem van die vakature op die Prestasie en Ouditkomitee en toestemming gee dat die vakature gevul word; en

2. Dat die advertensie aangeheg by die verslag soos voorgelê, geplaas word in verskeie koerante asook op die munisipale webtuiste en kennisgewingborde gedurende Januarie 2022.

***INTERNE OUDITEUR***

***

**RVN014/12/2021**
**VOORGESTELDE WYSIGINGS AAN DIE WYKSKOMITEE-BELEID**

Die Voorsitter stel die item vir bespreking.

**Die onderstaande besluit word eenparig deur die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

Dat die Raad die Wykskomitee-beleid goedkeur.

***BESTUURDER: STRATEGIESE DIENSTE***

***

**RVN015/12/2021**
**GOEDKEURING VAN AANSUIWERINGSBEGROTING 2021/2022**
***(Die verslag, soos elektronies apart versprei, word ter tafel gelê – Bylae E)***

Die Voorsitter stel die item vir bespreking.

**The undermentioned resolutions were taken unanimously by Council**

**RESOLUTIONS**

a. That the second annual adjustments budget of Bergrivier Municipality for the financial year 2021/2022, be approved:

   i. Table B2: Adjustments Budget Financial Performance (expenditure by

***DIREKTEUR FINANSIËLE DIENSTE***

standard classification);

ii. Table B3: Adjustments Budget Financial Performance (expenditure by municipal vote);
iii. Table B4: Adjustments Budget Financial Performance (revenue by source) Table B5: Adjustments Budget Capital Expenditure for both multi-year and single year by vote, standard classification and funding;
iv. Table B6: Budgeted Financial Position;
v. Table B7: Budgeted Cash Flow;
vi. Table B8: Cash backed reserves/Accumulated surplus reconciliation;
vii. Table B9: Asset Management;
viii. Table B10: Basic service delivery measurement;
ix. Supporting Tables SB1 – SB 20; and

b. That the adjustments budget be submitted to the authorities and in the format as required by law.

***DIREKTEUR FINANSIËLE DIENSTE***

***

**RVN016/12/2021**
**<u>VERTEENWOORDIGERS VAN BUITELIGGAME EN ANDER RAADSAANGELEENTHEDE</u>**
***(Die verslag, soos elektronies apart versprei, word ter tafel gelê – Bylae F)***

Die Voorsitter stel die item vir bespreking.

**<u>Die onderstaande besluit word eenparig deur die Raad aanvaar</u>**

**<u>BESLUIT</u>**

Dat die Raad die lys van verteenwoordigers op Buiteliggame en ander Raadsaangeleenthede **(Aanhangsel A tot die verslag)** goedkeur.

***BESTUURDER: ADMINISTRATIEWE DIENSTE (WAARNEMEND)***

***

**RVN017/12/2021**
**<u>UNAUTHORIZED, IRREGULAR, FRUITLESS AND WASTEFUL EXPENDITURE REDUCTION STRATEGY AND PLANS MFMA NO. CIRCULAR 111</u>**

Die Voorsitter stel die item vir bespreking.

**<u>The undermentioned resolutions were taken unanimously by Council</u>**

**<u>RESOLUTIONS</u>**

1. That the content of Circular 111 as well as the attached MFMA Annexure “A” relating to unauthorized, irregular, fruitless and wasteful expenditure be noted;

2. That it be confirmed that the Council of Bergrivier Municipality has no historical matters of unauthorized, irregular, fruitless and wasteful expenditure that has not been dealt with;

3. That it be confirmed that the Council of Bergrivier Municipality is committed to deal with recent cases of unauthorized, irregular, fruitless and wasteful expenditure as disclosed in the annual financial statements as at 30 June 2021 that has not yet been dealt with; and

4. That an unauthorized, irregular, fruitless and wasteful expenditure reduction strategy be developed and presented to Council with the budget related policies by 30 March 2022.

***DIREKTEUR FINANSIËLE DIENSTE***

***

**RVN018/12/2021**
**SECTION 71 FINANCIAL REPORT FOR OCTOBER 2021**

Die Voorsitter stel die item vir bespreking.

**The undermentioned resolution was taken unanimously by Council**

**RESOLUTION**

That Council take note of the Monthly Budget Statement as at 31 October 2021.

***DIREKTEUR FINANSIËLE DIENSTE***

***

**RVN019/12/2021**
**SUPPLY CHAIN MANAGEMENT IMPLEMENTATION REPORT FOR OCTOBER 2021**

Die Voorsitter stel die item vir bespreking.

**The undermentioned resolutions were taken unanimously by Council**

**RESOLUTIONS**

1. That Council take note of the October 2021 Supply Chain Management Implementation report and that it be made public in accordance with Section 21A of the Municipal Systems Act; and

2. That Council take note that a total of R121.17 expenditure incurred during the month of October 2021 to prevent the spread of COVID-19 and to aid in humanitarian relief during the period of lockdown level 1.

***DIREKTEUR FINANSIËLE DIENSTE***

***

**RVN020/12/2021**
**BESLUITE VIR KENNISNAME INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID VAN UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING**
**3/2/1/3**

Geen

***

**RVN021/12/2021**
**BESLUITE VIR KENNISNAME INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID VAN UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING**
**3/2/1/3**

Geen

***

**RVN022/12/2021**
**WYKSKOMITEES: KENNISNAME / BESPREKING VAN VERSLAE EN NOTULES**
**3/2/1/3**

Geen

***

***Die amptenare verlaat die vergadering om 14:45, waarna die vergadering In-Komitee voortgaan tussen die Munisipale Bestuurder en Raadslede.***

**RVN023/12/2021**
**IN-KOMITEE: AANBEVELINGS EN VERSLAE VOORGELÉ VIR OORWEGING DEUR DIE RAAD: AANSTELLING VAN DIE DIREKTEUR TEGNIESE DIENSTE**
**3/2/1/3**

Die Munisipale Bestuurder lei die item breedvoerig in.

**Die onderstaande besluit word eenparig deur die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

Dat die Raad die versoek van Mnr. VW Felton om vergoed te word binne WC013 vir 'n maksimum van 300 km per maand (met bewyse en inhandiging van logstate) **goedkeur** en die Munisipale Bestuurder magtig om die konsep kontrak dienooreenkomstig aan te pas.

***MUNISIPALE BESTUURDER***

***

**RVN024/12/2021**
**IN-KOMITEE: BESLUITE INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID EN ITEMS WAARVAN KENNIS GENEEM IS, TER INLIGTING VAN DIE RAAD: ZUIDLAND HOFSAAK**
**3/2/1/3**

**Die onderstaande besluit word eenparig deur die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

Dat die nuutverkose Raadslede kennis neem van die onwettige situasie op die Plaas Pampoenkraal (Dalbarton) en dat die Raad kennis neem van die vordering in die Zuidland Hofsaak waarin die Bergrivier Munisipaliteit 'n respondent is en opponerende stukke geliasseer het en ook kennis neem dat die vierde respondent (Kantoor van die Premier) ook kennis gegee het dat hulle opponerende hofstukke geliasseer het.

***MUNISIPALE BESTUURDER***

***

***DIE VERGADERING VERDAAG OM 14:45***

*HIERMEE BEVESTIG EK DIE ONDERGETEKENDE DAT HIERDIE NOTULE SOOS BEKRAGTIG 'N WARE WEERGAWE IS VAN DIE VERRIGTINGE*

______________________ ______________________

***VOORSITTER*** ***DATUM***